HOËRSKOOL WESVALIA

EKSAMENREËLINGS

EKSAMENLOKAAL:	07:20
LEESTYD VIR SESSIE 1	07:30 – 07:40
SESSIE 1:	07:40 – 10:40
POUSE:	10:40 – 11:00
EKSAMENLOKAAL:	11:05
LEESTYD VIR SESSIE 2:	11:10 – 11:40
SESSIE 2:	11:40 (tot vraestel klaar is) Onthou, as dit ‘n 3-uur vraestel is, hou dit aan tot 14:40

ALGEMENE INLIGTING:

Toegang:

1. Indien jy die eerste sessie skryf, is alle hekke oop vir toegang.
2. Indien jy die tweede sessie skryf, word die **hoofhek** gebruik om in te kom vanaf 10:30.
3. Slegs die **sporthek** word gebruik wanneer jy die terrein verlaat.

Eksamenreëls:

1. Indien **afwesig** tydens die eksamen, moet die skool tussen 07:00 en 07:20 verwittig word.
2. ‘n **Mediese sertifikaat** moet die **volgende dag by ontvangs** ingehandig word.
3. Indien afwesig agv ‘n **positiewe Covid toetsuitslag**, moet ‘n **amptelike mediese brief** wat die positiewe toets bevestig ingedien word by ontvangs.
4. Indien ‘n leerder moet **isoleer** omdat die leerder in kontak was met ‘n persoon wat positief getoets het vir Covid, **moet hierdie persoon se positiewe Covid toetsuitslag ingedien word by ontvangs**.

NB: Indien afwesig SONDER ‘n doktersbrief kry jy 0 vir die betrokke vraestel.

5. Leerders wat die tweede sessie skryf moet reeds 15 min voor die sessie aanmeld.
6. Alle skoolreëls geld – maskers, hare, naels, klere, skeer, juwele en grimering - indien voorkoms nie volgens reëls is nie, **sal jy huis toe gestuur word om dit reg te maak en slegs die oorblywende skryftyd sal toegestaan word indien jy terugkeer.**
7. Slegs met vraestelle van 2 ½ uur en langer mag water ingeneem word in die eksamenlokaal in ‘n **deurskynende bottel**. Geen eetgoed/lekkers/vrugte mag ingeneem word nie.
8. Geen leerder sal toegelaat word om kamer te verlaat nadat die skryfsessie begin het nie. Hou dit maar in gedagte as jy vir jou water saambring. Maak seker jy gaan voor jou vraestel badkamer toe.
9. ‘n Deurskynende pennesakkie of enige ander tipe deurskynende sakkie mag gebruik word vir al jou skryfapparatuur.
10. **Geen skryfbehoeftes mag geleen word nie.** Elke leerder moet hul eie skryfbehoeftes, of enige benodighede vir die vraestelle, saambring.
11. **IGO**: Daar sal geen IGO sakke by jou bank toegelaat word nie. Jy moet seker maak dat jy ALLES wat jy nodig het by jou het voor jy skryf. Niemand sal toegelaat word om iets te leen of iets uit hul sak te gaan haal nie.
12. GEEN SELFONE OF DIGITALE HORLOSIES(slimhorlosies) WORD TOEGELAAT NIE! Indien ‘n selfoon of digitale horlosie aan jou gevind word, word jy as oneerlik beskou en verbeur jy die punte van die betrokke vraestel. ‘n Dissiplinêre verhoor sal ook volg.
    Selfone kan deur die betrokke personeellid ingeneem word.
13. Geen los papiertjies mag in jou besit wees tydens die eksamen nie, al is dit skoon.
14. Jy moet ten alle tye ‘n masker dra tydens die eksamen!